Sondagskool 1

Lestitel: Die drie mans in die vuuroond.

'n Ouerhandleiding

Sondagskooltuisonderrig

Liewe Ouer

Welkom by die les “Die drie mans in die vuuroond”.

Hierdie dokument gee u 'n basiese handleiding oor hoe die les aangebied kan word.

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Hier volg 'n paar wenke vir voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
1.	Verkry toegang tot die webtuiste van die Nuwe Apostoliese Kerk deur die volgende in te sleutel of deur op die volgende WhatsApp-skakel te druk: https://bit.ly/3NACSSHS
2.	Versamel die volgende hulpmiddels om te verseker dat u vir die les gereed is: • Bybel • Die les in PDF-formaat wat reeds voorberei is • Kind se werkboek, potlode, kryte, ens. • Die kort video, wat 'n addisionele / opsionele hulpmiddel is • Kategismus in Vrae en Antwoorde (veral vir Konfirmasie) Nota: 2.1: Die ideale tyd om die les aan te bied is na die Sondagoggendgodsdiens, om sodoende in lyn met die normale Sondagskooltyd roetine te behou. 2.2: Hou die les so bondig (kort) moontlik. Hou die aandagspan (om te fokus op die les) van ons kinders in gedagte. U ken u kind die beste! Normaalweg duur Sondagskool nie langer as 45 minute nie. 2.3: Die les is vir ‘n spesifieke klas (Sondagskool (SS), Godsdiensonderig (RI) of Konfirmasie (Conf)). 2.4: Kontak gerus u Sondagskoolonderwyser indien u ondersteuning vereis of van bogenoemde hulpbronne benodig.
3.	Bid (sien die gebed aan die einde van hierdie dokument) en vra God om u as instrument te gebruik om die les aan te bied soos Hy dit wil hê.

Bied 'n Sondagskoolles tuis aan

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Ons gaan voort om 'n paar wenke te gee rakende voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
4	Skep 'n aangename en steurnisvrye leeromgewing waar u en die kind / kinders op dieselfde vlak kan wees. Voorbeeld: Sit op 'n mat of om 'n tafel.
5	Lees die les deur. Lees weer deur die les sodat u dit verstaan. Kyk na die kort video van die les om 'n beter begrip van die les te kry.
6	Maak vir jouself aantekeninge oor belangrike punte wat jy graag wil onthou.
7	Verstaan die doelwit van die les, wat deur u kind onthou moet word.
8	Bied die les vir u kind aan.
9	Wys vir jou kind die video en bespreek die betekenis daarvan.
10	Verwys u kind na die aktiwiteit in die kind se werkboek
11	Bid of vra u kind om te bid om sodoende die les af te sluit.

Beskikbare hulpmiddels vir tuisonderrig

Hiermee 'n paar hulpmiddels om die gehalte van die les te verbeter:

1. Gesels via WhatsApp met 'n ander Sondagskoolfamilie.
2. Bespreek die les met ander ouers om duidelikheid te kry voordat dit aangebied word.
3. Dit staan u vry om self navorsing te doen vir addisionele(ekstra) inligting.

Die Les

Lestitel	Die drie mans in die vuuroond.
Bybelwoord	Daniël 3: 1 – 30

Lesdoelwit	Die kinders ervaar watter krag, vertroue en standvastigheid aangewakker word deur volkome vertroue in God. Die kinders leer God ken as hul redder in nood.

Lesopsomming:

• Koning Nebukadnesar het 'n afgod laat bou en beveel dat sy koninkryk dit moet aanbid.
• Drie jong mans het geweier om te kniel en die afgod te aanbid.
• Hulle was bereid om God te volg, maak nie saak wat nie.
• Hulle is as straf in 'n vuuroond gegooi.
• Terwyl die koning dophou, het hy opgemerk dat daar nou 4 mans in die oond is.
• Toe die drie mans uit die oond stap, was hulle ongedeerd en het nie eers na rook geruik nie.
• Nebukadnesar erken die mag van God en verklaar God se grootsheid aan sy koninkryk.

Wat beteken hierdie les vandag vir ons?

Hierdie les leer ons dat:
• Ons God magtig is.
• Ons vertroue in Hom moet hê, al lyk dinge skrikwekkend.
• Ons sterk moet staan, al wil ons vriende hê dat ons dinge moet doen wat mamma en pappa nie wil hê ons moet doen nie.
• Ons volkome op God moet vertrou.

Sommige vrae wat ons kan vra:

Wat onthou u van die les?
1. Wat het koning Nebukadnesar gebou?
Antwoord: 'n Standbeeld / afgod
2. Wat wou hy hê dat mense voor die afgod / standbeeld moes doen?
Antwoord: Neerbuig en die standbeeld / afgod aanbid.
3. Het al die mense na die koning geluister?
Antwoord: Nee
4. Wat het gebeur met die drie mans wat ongehoorsaam aan die koning was?
Antwoord 1: Hulle is gestraf.
Antwoord 2: Hulle is gearresteer.
Antwoord 3: Hulle is in 'n groot vuur gegooi.
5. Wat het geword van die 3 mans in die oond?
Antwoord 1: God het 'n engel gestuur om hulle te beskerm.
Antwoord 2: Hulle het nie gebrand nie
6. Wat was die antwoord van die koning toe hy die vierde persoon in die vuur sien?
Antwoord: Die Koning het gesê dat hulle God 'n engel gestuur het en diegene gered het wat op Hom vertrou en geen ander God aanbid nie. Daar is geen ander God wat so wonderbaarlik kan red nie!

'n Gebed vir Pappa en Mamma om voor die les te bid:

Liewe Here

Dankie vir vandag

Dankie vir u beskerming en liefde

Help my om met hart en gedagte te fokus op wat ek nou gaan leer

Mag ek altyd onthou dat ek U ten volle kan vertrou

Dankie vir al my seëninge

Vader, ek is lief vir Jou

Amen